



Matteus 21:1-11

Daar was twee donkies.

Ek het dit vir die eerste keer dié week ontdek. Een en twintig jaar gelede het ek, as teologiestudent, my eerste Aswoensdag liturgie gelei. Dit was ook my eerste kennismaking van 'n kerkjaar wat meer behels as Paasnaweek en Kersdag. Vir die eerste keer daardie jaar het Palmsondag en heilige week deel van my liturgiese landskap geword. En toe ek nou op die vooraand van my 21ste lees van die intog in Jerusalem, sien ek vir die eerste keer die tweede donkie raak.

Maar ek is darem nie alleen nie. Nóg Markus, Lukas of Johannes het dié donkie raakgesien. Dit is slegs Matteus wat die verhaal só onthou. Dat Jesus op twee donkies tegelyk gery het. Drie keer herhaal Matteus die voornaamwoord "hulle". Asof hy wil seker maak dat ons nie die fout maak om die tweede donkie mis te kyk nie. Hy sê vir die twee dissipels (ook geen toeval) dat hulle 'n vasgemaakte donkie (*onos*) sal vind met 'n jong vul (*pōlos*) by haar (21:2); en as iemand hulle daarvoor vra, moet hulle antwoord: 'Die Here (*kurios*) het **hulle** nodig' (21:3). Hy gaan op **hulle** albei sit. (21:7)

"It is impossible, even ridiculous; it makes no sense." so skryf Catherine Hamilton oor Matteus se weergawe. Maak Matteus 'n fout? Lees hy Sagaria 9:9 te letterlik? Raadpleeg ek die kommentare hieroor, dan lees ek hoe Matteus vir jare lank vlek gevat het oor sy tweede donkie. Die kritiek

was dat hy antieke Joodse digkuns in die profetiese literatuur nie behoorlik onder die knie het nie. Daarom tel hy twee donkies, terwyl dit eintlik net een donkie moet wees.

Maar meer en meer hedendaagse teoloë begin met nuwe oë na Matteus se weergawe kyk. Dis asof Matteus hulle help om fyner te kyk, om die stof wat die groot skare opgeskop het uit hul oë te vee, om verby die palmtakke en die luidkeelse hosannas te kyk. Kyk mooi, dogter van Sion, daar is twee donkies, nie een nie.

Nou wat het dit met die prys van duiwe en 'n paaslam te make? Hoekom 'n preek oor die getal donkies? Want Matteus se tweede donkie is meer as net 'n pakkier wat saam met haar vulletjie stap. Wat Matteus hier regkry, teologies, simbolies en ook histories, is nie net meesterlike skryfkuns nie, maar 'n profetiese openbaring van wie Jesus is en 'n radikale uitnodiging om *hierdie* Jesus te volg in gehoorsaamheid.

Matteus voeg 'n woord by Sagaria 9:9. Sagaria het die donkie (in die Septuagint word die woord *hypozygion* gebruik, wat beteken pakkier) en die vul (*pōlos*). Maar waar kom Matteus aan *onos*? Dié Griekse woordjie *onos* wat die algemene woord vir donkie is, kom nie in die oorspronklike teks van Sagaria voor nie, maar in Genesis 49:10–11, in die seën wat Jakob aan Juda gee. "Die septer (in die Septuagint: *Heerser*) sal nie van Juda wyk nie," sê Jakob

(49:10). “Hy bind sy vul (pōlos) aan die wingerdstok en die vul (pōlos) van sy donkie (onos) aan die keurwingerd; hy was sy klere in wyn ...” (49:11).

Genesis 49:9–11 het ’n belangrike plek in die Joodse messiaanse verwagting geword. Deur die woord *onos* by Sagaria se profesie te voeg, dit te herhaal, en sowel die *onos* as die *pōlos* in te sluit, trek Matteus hierdie antieke profesie nader en daarmee saam dié oer-oue messiaanse hoop, in hierdie oomblik van Jesus se intog in Jerusalem in.

“Jou koning kom na jou toe,” net soos Sagaria gesê het. En hierdie koning wat op sowel op die vul as die donkie kom, vervul nou die belofte aan Juda terwyl Hy Jerusalem binnekom. “Die heerser sal nie van Juda wyk nie, totdat die volke aan hom gehoorsaam is” (Genesis 49:10): Daardie heerser is hier, nou, sê Matteus, in Jesus.

Matteus maak die punt weer wanneer Jesus Jerusalem binne ry. Die mense roep uit: “Hosanna vir die Seun van Dawid!” Net in Matteus groet hulle Jesus as die Seun van Dawid. Hulle noem Hom koning, koning in die lyn van Juda (sien ook Matteus 1:2–6).

Kan jy dit sien? Nie? Kyk mooi, hy ry op twee donkies. Die merrie en die vul. Die ou pakkier en dié een wat nog ingebreek moet word. Die antieke belofte aan Juda en die hoop op ’n andersoortige, nuwe koning.

En dan gee Matteus daarby saam vir ons ook twee seënbedes. Eintlik dieselfde bede (Psalm 118:26) wat twee keer herhaal. Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here (21:9) sing die pelgrims wat rep en roer rondom Jesus. Maar geseënd is Hy wat kom in die naam van die Here, waarsku Jesus later teenoor ’n stad wat profete doodmaak en gestuurdes stenig (23:39).

Maar op Palmsondag is daar ook twee hosannas. Want ongelukkig is ons hoop op ’n nuwe heerser vervuil met ons

verwondering vir die septers van die huidige heersers. Herodus, Kajafas en Pilatus toor met ons. Selfs te midde van die trauma van hul korrupte heerskappy, kweek hul in ons mislukke mesiaanse verwagtings vir stede soos Jerusalem, Washington, Teheran en ook Stellenbosch.

Die eerste hosanna, en daarvan is daar luidkeels te veel, vind ons in die geweldige groot skare van pelgrims wat Jesus toejuig. Hierdie lofkrete rep en roer deur die stad. Dit skud die stad. Letterlik, die griekse woord wat Matteus gebruik oor die impak van die intog op Jerusalem is dieselfde woord wat gebruik word vir aardbewings. Dis seismies. Dis apokalipties. Dis aardskuddend. Maar dit hou nie tot Vrydag nie. Dis lofliedere droog op. En uit die monde van hulle wat hosanna geskree het, eggo die woorde oor Golgota: Kruisig hom! Kruisig hom!

Vir die tweede hosanna moet ’n mens saam met Jesus op die tweede donkie klim en ry tot by die tempel. Want op dieselfde dag, dop Jesus die tafels om. Maak Hy huis skoon en bring hy orde en herstel vir gebed en stilte. Hy leer die kreupeles hoe om te loop en help die blindes om te sien. Hy kweek by ons nederigheid en sagmoedigheid. Geloof, nie geweld. Hoop, nie haat. Versoening, nie vergelding. Maak los die pakkier en haar vul. Die Here het sulke dissipels nodig.

En die enigste hosanna wat jy toe kon hoor, was uit die monde van die kinders wat op die tempelplein gespeel het by die omgekeerde tafels van die geldwisselaars:

Hosanna vir die Seun van Dawid!